Savings Bank Certificates.—Owing to the low rate of interest (4 per cent.) allowed on these Certificates as compared with the rates obtainable on similar investments elsewhere, the balance in Certificates dropped from £1,284,800 in January, 1923, to £693,100 in December, 1932. With the freer circulation of money which followed the departure of the Union from the Gold Standard in that month the investments in Certificates went up to £697,900 at the end of January, to £716,000 at the end of February, and to £762,400 at the end of March, 1933.

Union Loan Certificates.—The amount invested in Certificaates was £1,855,269 as compared with £638,132 for 1931-1932 and the total of the principal repaid, £1,137,648, as against £730,344 repaid during the preceding year, resulting in an increase in the value of Certificates held by investors from £4,415,362 to £5,132,982, a difference of £717,620. The amount of the interest included in the repayments was £498,420.

The average rate of investments for the nine months from April to December, 1932, was £44,391. In January, 1933, however, the amount invested increased to £148,784, in February to £231,088, and in March to £1,075,873. The reasons for the increases mainly are—

(*a*) the return of money to the Union as a result of the country's departure from the Gold Standard;

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor

Uitbetalings op Aanvraag.—Die fasiliteit ten opsigte van uitbetaling op aanvraag by enige spaarbankposkantoor van bedrae tot £5 eenmaal elke vier dae neem nog steeds in populariteit toe. Die getal uitbetalings en die totale bedrag uitbetaal gedurende die jaar was respektiewelik 483,363 en £1,095,205, in vergelyking met 426,804 en £970,849 van die vorige jaar, d.w.s. vermeerderings van respektiewelik 56,559 en £124,356.

Bedryfskoste.—Die gemiddelde koste per transaksie ten opsigte van die bedryf van die Bank gedurende die jaar was 7d.; in 1922-1923 was dit 1s. 3d.

Beleggings.—Die gemiddelde rentekoers op die beleggings van die Bank gedurende die jaar was £3. 19s. 8d. per centum per jaar.

Reserwefonds.—Gedurende 1932-1933 het die winste in verband met die werking van die Bank £7,796 bedra. Hierbenewens was daar 'n wins van £2,396 gemaak by verkoping van sekuriteite deur die Staatskuld-kommissarisse. Albei somme ten bedrae van £10,192 was na die reserwefonds oorgedra, waarvan die totaal aan die einde van die jaar £275,459 was.

Die fonds was gestig ten einde waardevermindering en verliese ten opsigte van die realisering van die beleggings van die Bank te dek. Aangesien ondervinding getoon het dat sodanige verliese waarskynlik nie aansienlik sal wees nie, is dit aan die hand gegee dat die bedrag van die fonds beperk en dat meer geleentheid gegee moet word om terugvorderings toe te laat ten einde enige tekort aan inkomste op beleggings, rente aan inlêers verskuldig en bedryfskoste te dek. Sodoende sal die fonds gebruik kan word om die rentekoers wat aan inlêers betaal word, vas te stel en om herhaalde veranderings veroorsaak deur geweldige skommelings op die geldmark te voorkom. Die bestendigheid van die koerse sal tot voordeel van die populariteit van die Bank strek.

Inlaes na Inkomste Teruggestort.—Benewens die winste teruggestort na die reserwefonds soos hierbo aangetoon, was 'n bedrag van £13,939 gedurende die jaar na die inkomste van die Departement teruggestort. Hierdie bedrag het die inlaes bevat ten opsigte van rekenings waarin daar vir 15 jaar geen transaksies plaasgevind het nie. Van dié bedrag was £1,805 deur inlêers gedurende die loop van die jaar opgevra.

Rentekoerse.—Vanaf 1 April 1933 was die rentekoerse op spaarbanksertifikate (£100) en die gewone rekening respektiewelik van 4 persent tot 3½ persent en van 3½ persent tot 3 persent per jaar verlaag.

Spaarbanksertifikate.—Weens die lae rentekoers op hierdie sertifikate (4 persent) in vergelyking met die rente wat verkrygbaar is op dergelike ander beleggings, het die sertifikaatsaldo gestadiglik gedaal van £1,284,800 in Januarie 1923 tot £693,100 in Desember 1932. In daardie maand het die Unie egter van die goudstandaard afgestap, en het daar meer geld gesirkuleer, sodat beleggings in sertifikate aan die einde van Januarie £697,900, aan die einde van Februarie £716,000 en aan die einde van Maart £762,400 bedra het.

Unieleningsertifikate.—Die bedrag belê in sertifikate was £1,855,269, in vergelyking met £638,132 vir 1931-1932, en die totaal van die terugbetaalde kapitaal £1,137,648, teenoor £730,344 wat gedurende die vorige jaar terugbetaal was, d.w.s. 'n styging in die waarde van sertifikate deur inlêers gehou van £4,415,362 tot £5,132,982, 'n verskil van £717,620. Die bedrag van die rente ingesluit in die terugbetalings was £498,120.

Vir die nege maande April tot Desember 1932 was die gemiddelde beleggings £44,391. In Januarie 1933 het die belegde bedrag egter tot £148,784 gestyg, in Februarie tot £231,088 en in Maart tot £1,075,873. Die vernaamste redes vir die vermeerderings is as volg:—

(*a*) Die terugkeer van geld na die Unie as gevolg van die afstapping van die goudstandaard;

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor

(*b*) the desire of the public to invest their money in the 16s.–26s. issue of Certificates before the less favourable new issue (i.e. 16s.–24s.) came into force on the 1st April; and

(*c*) the large numbers of the original 15s. 6d. issue which matured and were converted into new Certificates during the three months, especially during March.

The value of matured Certificates (i.e. Certificates held for 10 years or more) repaid during 1932-1933 was £920,510. Of this sum £128,163 was re-invested in 5 per cent. Union Savings Stock, £60,126 in 4 per cent. Union Savings Stock, £317,061 in Union Loan Certificates, £21,220 in £100 Savings Bank Certificates, £19,280 in the Savings Bank Ordinary Account, and £374,660 repaid in cash. Thus 59·3 per cent. was re-invested, and 40·7 per cent. paid out.

In conformity with the Treasury policy of reducing interest rates it was decided to withdraw the 16s.–26s. series of Certificates and to issue another series on less advantageous terms as from the 1st April, 1933.

Union Savings Stock.—This stock was issued at par in 1929 at 5 per cent. for the purpose of providing a suitable investment into which maturing Union Loan Certificates of the 15s. 6d. series could be converted. With the general fall in the rates of interest it was decided that the original rate on the Stock was too high, and it was therefore reduced to 4 per cent. from the 16th February, 1933.

MONEY ORDERS.

The telegraph money order service with Great Britain and Northern Ireland, Irish Free State, Germany, Mauritius, Northern Rhodesia, Nyasaland and Tanganyika Territory was resumed during the year and a service with Kenya–Uganda was inaugurated.

An air mail money order service was established with the United Kingdom. The volume of traffic, however, is not very great and it is not considered worth while extending the service to other countries at present.

The sudden departure of the Union from the gold standard did not dislocate the money order service with other countries. Business was suspended for one day only and resumed on the following day on the new basis.

The disappearance of the premium on Union currency resulted in an immediate decrease in number and value of outward Money Orders.

STORES.

Postal Stores.—The economies introduced in the previous financial year were maintained in 1932-33 and very considerable savings in expenditure resulted. As mentioned in my last report, there is a limit to which the curtailment of supplies of postal equipment can be carried and it is extremely probable that within the next year or two fairly heavy expenditure may be necessary on postal stores if reasonable efficiency is to be maintained.

The system of labelling mail-bags, instead of stencilling each bag with the names of the offices of origin and destination, to which I have referred in a previous report, resulted in an appreciable reduction in the quantity of canvas utilised and in the expenditure incurred under this head.

All requisitions for supplies submitted to the Stores Branch continue to receive the most rigid scrutiny and only items the supply of which is definitely justified are issued.

Uniform Clothing.—During the year changes in the organization involved numerous minor amendments in the uniform schedule, but the expenditure on this item of Departmental equipment was not increased by the changes. The position to-day, however, is that the large number of small alterations in the authorized issues has had the effect of complicating the schedule of standard uniform issues considerably and I propose at an early date to review the whole position and to endeavour to simplify the present system.

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor

(*b*) die begeerte van die publiek om hul geld in die uitreiking van sertifikate van 'n waarde van 16s.-26s. elk te belê alvorens die minder gunstige nuwe uitreiking (d.i. 16s.-24s.) op 1 April in werking getree het; en

(*c*) die groot aantal sertifikate (15s. 6d.) van die oorspronklike uitreiking, wat verval het en wat gedurende die drie maande, en veral gedurende Maart, in nuwe sertifikate omgesit was.

Die waarde van vervalle sertifikate (d.w.s. sertifikate gehou vir 10 jaar of meer) terugbetaal gedurende 1932-1933 was £920,510. Van hierdie bedrag was £128,163 weer in 5 persent Unie-spaareffekte belê, £60,126 in 4 persent Unie-spaareffekte, £317,061 in Unieleningsertifikate, £21,220 in Spaarbanksertifikate (£100), £19,280 in die gewone Spaarbankrekening en £374,660 was in kontant terugbetaal. 59·3 persent was dus weer belê en 40·7 persent was uitbetaal.

In ooreenstemming met die beleid van die Tesourie om rentekoerse te verlaag is dit besluit om die teenswoordige sertifikaatserie terug te trek en vanaf 1 April 1933 'n ander serie op minder voordelige terme uit te reik.

Unie-spaareffekte.—Om voorsiening te maak vir 'n belegging waarin Unieleningsertifikate van die 15s. 6d.-serie wat verval omgesit kan word, is hierdie effekte in 1929 à pari teen 5 persent uitgereik. Met die algemene daling in rentekoerse het dit egter geblyk dat die oorspronklike koers van die effekte te hoog is en derhalwe was dit tot 4 persent verlaag vanaf 16 Februarie 1933.

POSWISSELS.

Die telegrafiese poswisseldiens tussen Groot-Brittanje en Noord-Ierland, die Ierse Vrystaat, Duitsland, Mauritius, Noord-Rhodesië, Nyasaland en Tanganyika-gebied is gedurende die jaar hervat en 'n diens met Kenya en Uganda ingestel.

'n Lugposwisseldiens met die Verenigde Koninkryk is ingestel maar aangesien die verkeer op hierdie gebied nog gering is, word dit nie op die oomblik beskou dat uitbreiding na ander lande die moeite sal loon nie.

Die Unie se skielike afstapping van die goudstandaard het nie die poswisseldiens met ander lande omvergegooi nie. Dit was vir slegs een dag gestaak en die volgende dag op die nuwe grondslag hervat.

Oorseese poswissels het beide in getal en in waarde verminder toe die premie op Unie-geld weggeval het.

VOORRADE.

Posvoorrade.—Die besuinigingsmaatreëls wat in die vorige jaar ingevoer is, is volgehou en dit het aansienlike besparings in die uitgawes teweeggebring. Soos in my laaste verslag vermeld, is daar sekere perke waartoe die voorrade van posuitrusting ingekrimp kan word en dit is hoogs waarskynlik dat uitgawes ten opsigte van posvoorrade binne die volgende jaar of twee baie groter sal moet wees ten einde doeltreffende dienstoestande te behou.

Die gebruik van possak-neketikette, i.p.v. om possakke te letter met die name van kantore van herkoms en bestemming, waarna ek in 'n vorige rapport verwys het, het 'n opmerklike besparing in seil sowel as in die uitgawes onder hierdie hoof veroorsaak.

Alle rekwisisies wat die Voorrade-afdeling bereik, word nog noukeurig nagesien en slegs items wat bepaald noodsaaklik is, word verskaf.

Uniformkleding.—Die veranderings wat gedurende die jaar in die diensorganisasie aangebring is, het baie wysigings van geringe aard in die uniformskedule veroorsaak maar dit het nie die koste in verband met hierdie deel van die departementele uitrusting verhoog nie. Vandag is die skedule van standaard-uniformuitreikings egter baie ingewikkeld as gevolg van al hierdie wysigings en ek neem my voor om binnekort die hele saak in hersiening te neem en 'n poging aan te wend om die teenswoordige stelsel te vereenvoudig.

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor

Postage and Revenue Stamps.—New designs of Bechuanaland and Swaziland postage and revenue stamps, stamped stationery and postage due stamps were received from the Crown Agents, London, in November and December, 1932, the former being placed on sale on 12th December, 1932, and the latter on 3rd January, 1933.

Additional denominations of 1s. and 2s. 6d. "official" postage stamps were introduced in June, 1932, for the use of Government Departments.

Union Dairy Stamps, value £1,650, were issued during 1932-33.

4d., 1s. and 2s. 6d. Pictorial postage stamps were printed locally for the first time during the financial year.

GOVERNMENT GARAGES.

The economies in the use of motor transport for official purposes, originally introduced by Government Departments in 1930-31, were continued in the year under review and the Garage revenue under this head was reduced correspondingly.

Car mileage was approximately 11,000 lower than in the previous year but commercial vehicle mileage showed an increase owing chiefly to the steady increase in the use of motor vehicles by the Post Office. The number of miles run during the year was as follows:—

Cars	222,575
Commercial vehicles	683,224

The staff employed on the 31st March, 1933, totalled 77 as against 85 at the 31st March, 1932.

Operating costs contiuue to decrease although during the concluding three months of the year the cost of petrol was increased by 1⅛d. per gallon.

The Post Office was responsible for 72 per cent. of the total mileage run by all classes of vehicles, pillar box collections, automatic call office collections and mails accounting for 682,405 miles.

New vehicles costing £2,502 were purchased during the year.

The working of short time was continued at one garage only, staff wastage at other centres having adjusted the force to the necessary figure.

The revenue earned during the year amounted to £30,566 and the expenditure to £27,482.

BUILDINGS.

New Buildings.—Owing to the financial position the funds available for buildings were insufficient to provide for all the pressing requirements awaiting attention, but nevertheless, with the money allotted, it was possible to meet many of the more urgent needs.

In addition to a number of small items, tenders were accepted for certain larger structures including a new post office at Burghersdorp which is to be built on the site of the old premises erected over one hundred years ago. The new building will harmonize with surrounding properties so far as the architectural features are concerned, but the internal arrangements will be entirely modern. Large steel window frames of a type new to post office architecture are being provided in order that as much natural lighting as possible may be available.

At Rondebosch a new telephone exchange building is in hand to provide accommodation for the equipment in connection with the provision of automatic telephones in the Cape Peninsula. A building for similar purposes was erected at Orange Grove to meet the development in that part of Johannesburg.

Prieska, where inadequate premises were hired in the past, was provided with a State-owned post office.

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor

Pos- en Inkomsteseëls.—Nuwe ontwerpe van die pos- en inkomsteseëls, geseëlde skryfbehoeftes en boeteseëls vir Betsjoeanaland en Swaziland is in November en Desember van die Kroonagente in Londen ontvang. Eersgenoemde is op 12 Desember 1932 en laasgenoemde op 3 Januarie 1933 ter verkoping aangebied.

Addisionele waardes van 1s. en 2s. 6d. „ offisiële " posseëls vir die gebruik van Staatsdepartemente is in Junie 1932 ingevoer.

Unie-suiwelseëls ter waarde van £1,650 is gedurende 1932-33 uitgereik.

4d.-, 1s.- en 2s. 6d.-Prentposseëls is gedurende die finansiële jaar vir die eerste keer plaaslik gedruk.

GOEWERMENTSGARAGES.

Die besuinigings in die gebruik van motorvervoer vir offisiële doeleindes in 1930-31 deur Staatsdepartemente ingevoer, is gedurende die jaar wat nou in oorsig geneem word, volgehou, en garageinkomste het in ooreenstemming daarmee verminder.

Die mylafstande vir motorkarre was ongeveer 11,000 myl minder as wat dit in die vorige jaar was, maar handelsvoertuie het 'n groter mylafstand afgelê wat veral toe te skryf is aan 'n gestadige vermeerdering in die gebruik van motorvoertuie deur die Poskantoor. Die getal myle gedurende die jaar afgelê is as volg:—

Motorkarre	222,575
Handelsvoertuie	683,224

Die personeel wat op 31 Maart 1933 in diens was, het op 77 te staan gekom in vergelyking met 85 op 31 Maart 1932.

Daar is nog steeds 'n daling in bedieningskoste hoewel die prys van petrol gedurende die laaste drie maande van die jaar met 1⅛d. per gallon verhoog is.

Die Poskantoor was verantwoordelik vir 72 persent van die totale mylafstande deur alle soorte motorvoertuie afgelê waarvan 682,405 myl nodig was vir poste, ligtings by straatbriewebusse en insamelings by outomatiese oproepkantore.

Nuwe voertuie ter waarde van £2,502 is gedurende die jaar aangekoop.

Korter werksure het by slegs een garage in werking gebly; op ander plekke het die vermindering in die personeel die werkkragte in ooreenstemming met die vereiste getal gebring.

Vir die jaar is die inkomste £30,566 en die uitgawe £27,482.

GEBOUE.

Nuwe Geboue.—As gevolg van die finansiële toestand was die fondse wat vir geboue beskikbaar gestel is, nie voldoende om voorsiening te maak vir al die dringende benodighede wat die aandag vereis het nie, maar desnieteenstaande was dit moontlik om aan meeste van die ergste behoeftes met die toegekende geld te voldoen.

Benewens 'n aantal geringer items, is tenders ook aangeneem vir sekere groter geboue waaronder ook die nuwe poskantoor op Burghersdorp wat op die standplaas van die ou gebou, wat meer as honderd jaar gelede gebou is, opgetrek moet word. Wat boustyl betref, sal die nuwe gebou hom aanpas by die aangrensende eiendomme maar van binne sal alles geheel en al modern wees. Ten einde soveel lig as moontlik in te laat, sal groot vensters verskaf word met staalrame van 'n tipe wat tot dusver nog nie in die argitektuur van poskantore gebruik is nie.

By Rondebosch is 'n nuwe gebou vir die telefoonsentrale in aanbou om voorsiening te maak vir die uitrusting in verband met die daarstelling van outomatiese telefoons in die Kaapse Skiereiland.

Vir dergelike doeleindes is 'n gebou opgerig in Orange Grove ten einde voorsiening te maak vir die ontwikkeling in daardie deel van Johannesburg.

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor

Completion of Works Previously Commenced.—Extensions of existing telephone buildings at Bloemfontein and Turffontein were carried out and alterations and additions to the Salt River Post Office premises were completed to provide accommodation for automatic telephone equipment.

Johannesburg.—During the year the foundations of the new general post office at Johannesburg were laid and tenders were invited for the superstructure. The specification provides for the completion of the ground floor five months from the commencement of the work and the fourth floor four months later.

The parcels work in Johannesburg has for some years been conducted partly in McKay's Buildings (for which a rental of £1,728 per annum was paid) and partly in the " Tin Temple " (the annual charge for which is £84). In October, 1932, the Department was able to take over the old Fire Station for a portion of the parcels work, thus saving the rental paid for McKay's Buildings. The completion of the ground floor of the new general post office will allow of its use for the work now performed in the " Tin Temple " the demolition of which, it is understood, is the aim of the municipal authorities. When the fourth floor of the new post office has been completed, a commencement with the installation of automatic telephone equipment for the central exchange will be made.

Capetown.—Extensive alterations were made in the general post office building mainly on the ground floor which was, as far as practicable, adapted to present day requirements. The private boxes, numbering over three thousand, are now conveniently arranged, public needs are adequately met and the accommodation within the sorting office is much more advantageously utilized. The work was carried out with a minimum of inconvenience to the public and without serious discomfort to the staff.

Durban.—The matter of securing additional ground for additions to the Durban Post Office premises received attention late in the year and, although the negotiations have not yet reached finality, there is hope of a successful issue. Fairly heavy expenditure will necessarily be involved but when, in due course, the contemplated extension shall have been completed, there will be accommodation sufficient to meet the continually increasing needs of Durban for many years to come.

Houses for Postmasters.—The Department continued to interest itself in the residential conditions of its officials, but scarcity of funds has precluded much advance being made. Tenders were invited, however, for the erection of houses at Nylstroom and Calvinia and it is expected that the premises will be available for occupation at a very early date. Postmasters are appreciative of the Department's efforts on their behalf and are taking great care of the houses and grounds.

General.—During the year reductions were obtained in the rental of a number of hired premises, an indication that landlords are fully aware of the advantage of having the Government as tenant.

Development is taking place in many of the smaller urban areas and several requests were received for new post offices but, as only a limited sum of money can be voted each year for buildings, it is not possible to satisfy all the demands immediately. Each case is, however, considered on its merits and efforts are made to provide suitable accommodation where such is found to be essential.

Congestion at some points is overcome by alterations to fixtures, a rearrangement of existing furniture or the withdrawal of cumbersome articles and the supply of new equipment. Throughout the year the strictest economy was practised and the cost of repairs and alterations to buildings and equipment and the supply of new furniture fell considerably.

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor

Prieska, waar daar in die verlede onvoldoende persele gehuur is, het nou 'n poskantoor wat die eiendom van die Staat is.

Voltooiing van Werke waarmee Vroeër 'n Aanvang gemaak is.—Die bestaande telefoongeboue in Bloemfontein en Turffontein is vergroot en die poskantoor op Soutrivier is verander en groter gemaak om voorsiening te maak vir outomatiese telefoonuitrusting.

Johannesburg.—Gedurende die jaar is die fondamente van die nuwe poskantoor in Johannesburg gelê en tenders gevra vir die bou van die bogrondse gedeelte daarvan. Die spesifikasie maak voorsiening vir die voltooiing van die onderste verdieping vyf maande na die werk 'n aanvang geneem het en die vierde verdieping vier maande daarna.

Pakkettewerk in Johannesburg is vir enige jare verdeel gewees tussen twee geboue, nl. die van McKay (waarvoor 'n huur van £1,728 per jaar betaal moes word) en die „ Tin Temple " (waarvoor die jaarhuur £84 is). In Oktober 1932 was die Departement in staat om die ou brandweerstasie vir 'n gedeelte van die pakkettewerk oor te neem en op dié wyse die huur vir McKay se nuwe gebou te bespaar. Wanneer die onderste verdieping van die poskantoor voltooi is, sal dit gebruik kan word vir die werk wat nou in die „ Tin Temple " verrig word. Dit word verstaan dat die munisipaliteit voornemens is laasgenoemde gebou te vernietig. By voltooiing van die vierde verdieping van die nuwe poskantoor sal met die installasie van die uitrusting vir outomatiese telefoons 'n aanvang gemaak word.

Kaapstad.—Uitgebreide veranderings is in die poskantoorgebou gemaak, hoofsaaklik op die grondvloer en sover dit uitvoerbaar was, op sodanige wyse dat dit by hedendaagse behoeftes aanpas. Die privaatbusse waarvan daar meer as drie duisend is, is nou gerieflik gerangskik; aan publieke behoeftes word op 'n doeltreffende wyse voldoen en die kantoorruimte binne die sorteerkamer word nou baie voordeliger gebruik. Die werk was met 'n minimum van ongerief vir die publiek uitgevoer en sonder ernstige ongemak vir die personeel.

Durban.—Die saak van addisionele grond vir vergroting van die Durbanse poskantoorpersele het laat in die jaar aandag geniet en alhoewel die onderhandeling nog nie afgesluit is nie, word die hoop gekoester dat die afloop suksesvol sal wees. Taamlik hoë uitgawes sal natuurlik beloop moet word, maar wanneer die voorgenome aanbouing ter bekwamer tyd voltooi is, sal daar voldoende kantoorruimte wees om die gedurig toenemende behoeftes van Durban vir nog baie jare tegemoet te kom.

Huise vir Posmeesters.—Die Departement stel steeds belang in die toestand van woonhuise vir beamptes, maar die tekort aan fondse het groot vooruitgang in die weg gestaan. Tenders was egter gevra vir die bou van huise op Nylstroom en Calvinia en dit word verwag dat die persele op 'n vroeë datum vir bewoning beskikbaar sal wees. Posmeesters waardeer wat die Departement in hul belang doen, en die huise en gronde word baie goed in stand gehou.

Algemeen.—Gedurende die jaar is verminderings in huur ten opsigte van verskeie gehuurde persele verkry—'n aanduiding dat eienaars ten volle die voordeel besef om die Goewerment as huurder te hê.

Ontwikkeling neem in baie van die kleiner stedelike wyke plaas en verskeie versoeke vir nuwe poskantore was ontvang, maar aangesien slegs 'n beperkte som geld elke jaar vir geboue gestem kan word, is dit nie moontlik om onmiddellik aan al die aanvrae te voldoen nie. Elke geval word egter volgens merite oorweeg en pogings word aangewend om behoorlike kantoorruimte, waar dit as noodsaaklik beskou word, te verskaf.

Tekort aan ruimte op sekere plekke word vermy deur veranderings aan toebehore, omskikking van bestaande meubels of die verwydering van hinderlike artikels en die verskaffing van nuwe uitrusting. Gedurende die jaar is besuiniging ten strengste uitgeoefen en die koste verbonde aan reparasie en veranderings aan geboue en uitrusting en die verskaffing van nuwe meubels het aansienlik verminder.

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor

Fires and Storms.—The Coerney and Eerste Rivier post offices, which were accommodated in railway premises, were entirely destroyed by fire. Minor outbreaks of fire occurred in the Pretoria and Johannesburg general post offices, but prompt action prevented any serious results. Very little damage was caused by storms.

GENERAL.

Withdrawal of British Silver Coinage.

The Department rendered considerable assistance in the withdrawal of British silver from circulation. The large number of post offices situated in every district in the Union, sometimes in remote areas, provided facilities for the exchange of South African for British coins which no other organization could have offered. As a consequence the Department was responsible for the withdrawal of some £70,000 in British silver coins, which were either paid into the banks at the larger centres or despatched to Pretoria for exchange at the Royal Mint.

The Department was able to give particularly valuable assistance in some of the native areas where it was necessary to extend the facilities for two months beyond the time allowed in urban areas, on account of the longer time taken to make the native population in remote districts acquainted with the new conditions.

Exchange of Gold Coins.

Shortly after the Union's departure from the gold standard the Treasury notified departments that the full exchange value should be allowed for gold coin tendered in payment of services, taxes, etc. Subsequently the arrangement was extended to the exchange of gold coin at places where no banks existed, with the object of enabling people in country places to obtain the full value of such coins still in their possession.

This facility must have been of considerable value to the people in remote country districts, particularly the natives, who, but for the existence of post offices in their areas, might not have been able to obtain the full exchange value of their gold coins. The Department was able to ensure that the possessors of some £8,000 in sovereigns and half-sovereigns reaped the full benefit of their money.

Advertising in Post Offices.

The scheme inaugurated early in 1932 came into operation in the following October in Johannesburg at which point a number of advertisements are prominently displayed on the walls of the public hall and the box lobby. The Department derives a net revenue of £256 per annum from these advertisements, but as objections have been made to the use of post office premises for advertising purposes, it has been decided not to proceed further with the scheme.

Christmas Stamps.

Christmas stamps were again sold during the Christmas season in aid of the fund which is designed to provide sanatoria for tubercular patients. It is pleasant to be able to record that on this occasion, owing to the active propaganda undertaken by the responsible committee and the willing assistance rendered by officials of the Department, the sales were increased very considerably and an amount of £1,701. 3s. 11d. was handed over to the fund after the deduction of the commission which is payable to the Department to cover the cost of the handling, selling and accounting work. The amount contributed to the fund in the previous year was £868. 9s. 3d.

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of DVISION PDFCompressor

Brand en Storms.—Die poskantore op Coerney en Eerste Rivier wat in spoorwegpersele gehuisves is, was geheel en al deur vuur vernietig. Vure van minder belang het in die poskantore in Pretoria en Johannesburg uitgebreek, maar onmiddellike behandeling het enige ernstige resultate voorkom. Baie min skade is deur storms veroorsaak.

ALGEMEEN.

Terugtrekking van Britse Silwermunt.

Die Departement was besonderlik behulpsaam met die terugtrekking uit omloop van Britse silwer. Die groot aantal poskantore wat in elke deel van die Unie geleë is en in sommige gevalle in verafgeleë streke, het fasiliteite vir die inwisseling van Suid-Afrikaanse vir Britse munt verskaf, wat geen ander organisasie in staat was om te verskaf nie. As gevolg hiervan was die Departement verantwoordelik vir die terugtrekking van sowat £70,000 in Britse silwermunt, wat òf by die Banke in die groter plekke inbetaal, òf na Pretoria vir inwisseling by die Koninklike Munt gestuur was.

Die Departement was in staat om besonder waardevolle ondersteuning te gee in sommige van die naturellegebiede waar dit nodig was om die fasiliteite vir twee maande bo die tyd wat in stedelike streke toegelaat is, te verleen, aangesien dit 'n langer tyd neem om die naturelle bevolking in verafgeleë distrikte met die nuwe toestande vertroud te maak.

Inwisseling van Goue Muntstukke.

Kort na die Unie van die goudstandaard afgestap het, het departemente kennis van die Tesourie ontvang dat goudmunt wat ten opsigte van dienste, belastings, ens. aangebied word teen die volle waarde ingeruil moet word. Hierdie reëlings is later ook toegepas op plekke waar daar geen banke is nie, ten einde die mense op die platteland in staat te stel om die volle waarde te kry vir goudstukke wat nog in hul besit was.

Hierdie fasiliteit was seker van groot betekenis vir mense en veral in verafgeleë streke vir die naturelle wat, as dit nie vir die poskantore in hul wyke was nie, bes moontlik nie die geleentheid sou gehad het om hul goudgeld teen volle waarde in te wissel nie. Die Departement was in staat om te verseker dat die besitters van omtrent £8,000 in ponde en tiensjielingstukke die volle waarde van hul geld kon inoes.

Advertensies in die Poskantoor.

Die skema wat vroeg in 1932 ingestel is, het in die volgende Oktober in Johannesburg in werking getree, en daar word 'n aantal advertensies aan die mure van die publieke saal en die portaal vir briewebusse prominent vertoon. Die Departement ontvang 'n netto-inkomste van £256 per jaar uit hierdie advertensies, maar aangesien daar beswaar gemaak is teen die gebruik van die poskantoor vir reklamedoeleindes, is dit besluit om nie met die skema voort te gaan nie.

Kersseëls.

Kersseëls is weer met Kersfees verkoop ter stywing van die fonds wat die voorsiening van sanatoria vir teringlyers beoog. Dit is 'n plesier om te kan boekstaaf dat met hierdie geleentheid, dank sy die bedrywige propoganda van die verantwoordelike komitee en die bereidwilligheid van die amptenare van die Departement, die verkopings aansienlik vermeerder is en 'n bedrag van £1,701. 3s. 11d. in die fonds gestort is nadat die kommissie afgetrek is wat tot dekking van koste in verband met hantering, verkoping en die hou van rekenings aan die Departement betaalbaar is. Die bedrag wat in die vorige jaar tot die fonds bygedra was, was £803. 9s. 3d.

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor

STAFF.

At the beginning of 1933 a scheme of staff reorganization, designed to effect economy in working costs was put into force—the retirement from the public service of some 200 members of the assistant and higher grades being involved.

Under the reorganization the gradings of the uniformed classes were simplified and in certain cases an improvement in pay conditions was effected. The class chiefly concerned was the postmans class, by far the largest adult uniformed class in the Department. The maximum salary obtainable by postmen was raised by £24 per annum at Class I offices and £12 per annum at Class II offices, but the minimum of the scale was lowered in respect of new entrants to the class, who ordinarily would be about 18 or 19 years of age.

Other important features of the reorganization were the absorption of qualified post and telegraph learners who for some time had been awaiting appointment to the established staff, and the greater scope provided for the absorption of messengers, etc., in posts offering life careers.

Postmaster-general's Certificate of Profiency in Radiotelegraphy.

Fourteen candidates entered for the theoretical examination conducted in connection with the above-mentioned certificate in November of last year. Five were successful.

Three candidates who passed the examination held in 1931 have since satisfied the requirements of the practical portion of the test and have been furnished with certificates of proficiency. In addition, three holders of certificates cancelled by the Washington Convention of 1927 have applied for and obtained renewed certificates in terms of the conditions laid down in Government Notice No. 1052 of 26th June, 1931.

Competitive Examination for Appointment to Assistant Engineerships.

Seven candidates entered for the above examination which was conducted in April, 1932. Four were successful and they have all since been promoted to the grade of Assistant Engineers.

Messengers' Continued Education.

On the 31st March, 1933, 529 messengers were taking advantage of the free educational facilities provided by the Union Department of Education. Of this number 331 boys were attending continuation classes and 188 were receiving tuition by means of correspondence courses.

Although the percentage of messengers participating in the free educational scheme was slightly lower than that of the previous year, the actual results attained show an appreciable increase, 76 messengers obtaining the Preliminary Commercial Certificate and 30 boys the National Junior Certificate in Commerce. In addition many subject successes were gained. The reason given by the majority of the messengers when withdrawing from a course of continued study was inability to purchase the necessary text-books.

At the beginning of 1933, re-organization within the Department made it possible to promote 41 messengers to postmanships. Amongst other factors the educational qualifications of these boys were largely responsible for securing their promotion.

At the present time most boys entering the Department have completed the Junior Certificate before appointment to messengerships, but it is pleasing to note that the majority are continuing their studies.

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor

PERSONEEL.

In die begin van 1933 is 'n skema vir die reorganisasie van die personeel, wat 'n besuiniging in werkskoste beoog het, in werking gebring. As gevolg hiervan moes 200 staatsamptenare wat lede van die assistents- en hoër range was, afgedank word.

Onder die reorganisasie is die gradering van die klasse wat uniforms dra vereenvoudig en in sekere gevalle is verbeterde loonvoorwaardes teweeggebring. Die klas wat hoofsaaklik hierin betrokke was, is die briewebestellers en hulle vorm verreweg die grootste gedeelte van die Departement se volwasse uniformpersoneel. Die salarismaksimum vir briewebestellers by Klas I-kantore is met £24 per jaar verhoog en met £12 per jaar by Klas II-kantore, maar die minimum van die salarisskaal is verlaag ten opsigte van nuwelinge wie se ouderdom in gewone omstandighede omtrent 18 of 19 jaar sal wees.

Ander belangrike kenmerke van die reorganisasie is die opname van gekwalifiseerde pos- en telegraafleerlinge wat al 'n tydlang wag vir aanstellings op die vaste personeel, en die groter voorsiening wat gemaak is vir die opname van bodes, ens. in poste wat vir hulle 'n vaste loopbaan aanbied.

Sertifikaat van die Posmeester-generaal vir Bekwaamheid in Radiotelegrafie.

Veertien kandidate het ingeskryf vir die teoretiese gedeelte van die eksamen wat in November verlede jaar in bovermelde verband afgeneem is. Vyf het geslaag.

Drie van die kandidate wat geslaag het by die eksamen wat in 1931 gehou is, het sedertdien aan die vereistes van die praktiese gedeelte van die toets voldoen en sertifikate van bekwaamheid is aan hulle uitgereik. Bowendien het drie houers van sertifikate wat kragtens die Washington-konvensie van 1927 gekanselleer is, applikasie gemaak om hul sertifikate te laat hernu soos neergelê by Goewermentskennisgewing No. 1052 van 26 Junie 1931, en daar is aan hulle wense voldoen.

Vergelykende Eksamen vir Aanstelling as Assistent-ingenieurs.

Sewe kandidate het vir die bogenoemde eksamen, wat in April 1932 gehou is, ingeskryf. Vier het geslaag en hulle is reeds sedertdien tot die rang van Assistent-ingenieur bevorder.

Voortsettingsklasse vir Bodes.

Op 31 Maart 1933 was daar 529 bodes wat gebruik gemaak het van die fasiliteite vir vry onderwys deur die Unie-onderwysdepartement verskaf. Van hierdie getal het 331 voortsettingsklasse bygewoon en 188 het deur middel van korrespondensiekursusse onderrig ontvang.

Alhoewel die persentasie bodes wat aan die vryonderwysstelsel deelgeneem het, ietwat laer is as in die vorige jaar, was daar meer wat eksamens met sukses afgelê het. Die Preliminêre Handelsertifikaat is aan 76 en die Nasionale Juniorsertifikaat-in-Handel aan 30 toegeken. Daarenbowe het baie in enkele onderwerpe sukses behaal. Die meeste bodes wat hulself aan die voortsettingskursusse onttrek, gee as rede daarvoor dat hulle nie die nodige voorgeskrewe boeke kan bekostig nie.

In die begin van 1933 het reorganisasie binne die Departement dit moontlik gemaak om 41 bodes tot briewebestellers te bevorder. Die bevordering van hierdie seuns is grotendeels te danke aan hulle skoolopleiding.

Op die oomblik het die meeste seuns wat hulle by die Departement aansluit, alreeds die Juniorsertifikaateksamen afgelê maar dit word met genoeë opgemerk dat die meerderheid nogtans hul studies voortsit.

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor

Conclusion.

I have little to say in addition to the foregoing detailed record except to express appreciation once more of the work of the staff generally throughout the year. In spite of bad times the Department has been able to make some progress in keeping pace with up-to-date developments in communication services and it has been the constant endeavour of all to render postal, telegraph and telephone services as efficiently as possible. Facilities to the public have in a number of directions had to be curtailed in order to meet the necessities of expenditure reduction, but very little serious inconvenience has been caused to the public.

An important staff change was introduced while I was away at the Telecommunications Conference in the appointment of a large number of "sorters" from the uniformed ranks. The scheme has the advantage of opening up increased avenues of promotion for qualified and deserving postmen and messengers, a very desirable feature and I am confident that it will ultimately prove a great success. At the same time it will be understood that in its earlier operation, as in all departures from long-established practice, the scheme may involve some strain and anxiety to the responsible officers, but I have no doubt that in a very few months all the difficulties experienced will be disposed of satisfactorily.

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor

Slot.

Benewens die voorgaande uitvoerige rekord het ek min te sê behalwe dat ek my waardering nogeens wil te kenne gee vir die werk van die personeel in die algemeen gedurende die jaar. Nieteenstaande slegte tye was die Departement in staat om 'n seker mate van vooruitgang te maak en gelyke tred met moderne ontwikkelings in kommunikasiedienste te hou, en dit was die voortdurende strewe van almal om pos-, telegraaf- en telefoondienste so doeltreffend as moontlik uit te voer. Fasiliteite vir die publiek moes in verskeie rigtings ingekort word ten einde die behoefte aan onkostevermindering tegemoet te kom, maar baie min ernstige ongerief is aan die publiek veroorsaak.

'n Belangrike verandering wat betref die personeel is tydens my afwesigheid by die „ Telecommunications "-konferensie aangebring, n.l. die aanstelling van 'n groot aantal „ sorteerders " vanuit die range van amptenare wat uniforms dra. Die skema het die voordeel dat dit meer openings skep vir bevordering van gekwalifiseerde en verdienstelike briewebestellers en bodes—iets wat besonder gewens is, en ek is oortuig daarvan dat dit uiteindelik 'n groot sukses sal wees. Dit sal egter duidelik wees dat in die begin, soos in alle gevalle waar daar van 'n langbestaande gebruik afgewyk word, die skema 'n sekere mate van inspanning en besorgdheid aan die verantwoordelike amptenare sal besorg; maar ek twyfel nie daaraan nie dat die moeilikhede wat ondervind word in die loop van 'n paar maande op 'n bevredigende wyse uit die weg geruim sal word.

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor